Jaarverslag:

Drakensberger Beestelergenootskap

2014

Die Winsbees
The Profit Breed

JAARVERSLAG DRAKENSBERGER BEESTELERSGENOOTSKAP 2014

INLEIDING

Wat gaan word? Wie gaan wen? Wat wil wie wen? Wie wil vir wie wen? Wanneer gaan ons wen?

Wesenlike vrae vir die omstandighede rondom ons, die huidige situasie in Suid Afrika is oor die algemeen swakker daaraan toe as ’n jaar gelede. Die veranderde politieke gesig is neerdrukkend en oordonderend, wat deur aanhoudende druk op Landbou die Boerderygemeenskap kniehalter en stremmend inwerk op vooruitgang. Stagnasie en idees van emigrasie en buitelandse besoeke is aan die orde van die dag. Dit lyk altyd beter daar aan die ander kant.

Die wêreld is in stryd gewikkel, Rusland loop in die Ukraine rond, Israel verdedig sy beginsels, moslemlande raak radikaal en uiterste wreedheid is aan die orde van die dag, word deur die elektroniese media die wêreld ingestuur tot afgryse van die westerse wêreld. Hoekom dan die haat, die stryd wat nooit sal ophou nie, die wrok en die wreedheid?

Dit gaan goed in Drakensberger geledere. Die tyd stap egter aan en die tempo van die dag tot dag bestaan neem nie af nie, dit versnel en is ’n wegholtrein. Nuwe denkrigtings en veranderde benaderings ten opsigte van stoetteling is vernuwend en verfrissend, die praktiese toepassing is die uitdaging en die mikpunt. Sommige gaan die voortou neem, stroom af, deur die maalkolk en deur die geskommel om in die diep, rustiger water die voordeel te trek van strategiese, ingeligte besluite.

Dit is onvermydelik dat sommige van ons oudste kuddes aan afskaal begin dink, ’n idee wat ons onmiddellik wil wegredeneer. Dit is egter die realiteit van die situasie waarin die teler homself bevind, met sy eie, unieke omstandighede. Aan die wat daardie drumpel moet oorsteek, baie sterkte met julle besluit en met die uitvoering van ’n emosioneel moeilike taak. Wees verseker van almal se ondersteuning.

Daar is heelwat idees wat telkens tydens gesprekke na vore kom, idees wat baie goed is om te bespreek, om gevoelens te toets en om te oorweeg. Ons ras is trots daarop om te noem dat ons die eerste ras was wat verpligte prestasietoetsing begin doen het. Dit is alles goed en wel. Wanneer daar egter na data gekyk word en vergelyk word met ander rasse, is die data dikwels misleidend. Sommige rasse het slegs prestasiedata van telers wat regtig belangstel om dit in te stuur, wat ongebalanseerd is.

“Die Drakensberger is geneties suiwer. Cas Maree.” Hoe vinniger daar van hierdie stelling afgesien word, hoe beter. Nuwe genetiese evaluasie toon dat daar GEEN ras is wat geneties suiwer is nie, selfs nie een nie. Dat ons unieke genetika besit, is definitief so. Hierdie belangrike feit moet ons gebruik tot ons voordeel. Hierin is die heterose vasgevang, hiermee kan ons reuse spronge vorentoe gee.

Die poenskopdiere in die ras word erken deur streng seleksie, wat nog altyd die ras beskerm het teen nie-verkose genetika. Die gebruik van DNA-ontleding het egter die kanaal geskep waardeur hierdie diere geïdentifiseer kan word en die weg baan vir bewys en aanvaarding van vele eienskappe van die dier waarmee ons boer.

Die bewuswording van die belang van prestasiesyfers word harde realiteit en die strewe na die daarstel van ‘ideale mikpunte’, is ’n groot uitdaging. Die omstandighede van onderskeie omgewings en boerderypraktyke

skep soveel variasie, dat dit uiters moeilik is om rigiede 'afsnypunte' af te dwing. Konsensus oor die belang van teelwaardes is die korrekte beginsel. Navolg daarvan en die nastreef van optimale waardes, soos wat dit jou die beesboerdery aan die voorpunt gaan plaas, is jou eie inisiatief. Die telers wat daarmee aan die voorpunt gaan wees, het die voordeel en sal beswaarlik ooit ingehaal kan word.

KANTOOR EN PERSONEEL

Die kantoor van die Drakensberger Beestelersgenootskap in Volksrust is hierdie jaar ontruim en die administratiewe funksies is oorgedra aan Stemma Animalia. Hierdie onvermydelike aksie is die gevolg van finansiële druk wat toegepas en gevoel word deur die GENOOTSKAP. Die neem van die besluit was gewigtig, weldeurdag en is in fyn detail bespreek. Die besluit is eenparig deur die raad beslis.

Die lede sal wel bewus wees daarvan dat die per kapita fooie vir die derde opeenvolgende jaar geen styging getoon het nie. Hierdie op sigself is nie volhoubaar nie en die volgende finansiële jaar sal noodgedwonge 'n styging realiseer van ten minste sewe (7) persent in die fooistruktuur van die DBTG. Wat wel geïmplementeer is, is die gebruik van 'n glyskaal waarin groter kuddes effense verligting kry na gelang van die getal stoetdiere in die kudde. Dit, tesame met die uiters akkommoderende fooistruktuur vir lede wat eerste aanvaardings registreer, is deel van die reeds geïmplementeerde finansiële verligting wat toegepas word.

Stienie Steenkamp se termyn van pligsgetroue diens in die kantoor het dan ook ten einde geloop. Vir haar harde en toegewyde werk sal sy altyd onthou word en gun ons haar die kans om te rus en te reis, 'n voorreg wat haar beskore is. Dankie vir jou toewyding Stienie, elke lid het daarvoor die hoogste agting en respek.

Johanna Mhlambo het 'n dienstermyn van 27 jaar by die DBTG, 'n tydperk waarin sy haar werk pligsgetrou en stil gedoen het. Sy is steeds in diens in dieselfde gebou, die rede is as volg:
Piet Uys, broer van Pikkie en Johan Uys, is tans, op langtermyn basis, die huurder van die DBTG kantoorkompleks. Die gebou het, met enkele uitsonderings na, dieselfde gebly en die aansig van die gebou word dieselfde gehou. Die foto's en tradisionele memerobilia word intakt hanteer in die gebou en almal is baie welkom om enige tyd die gebou te besoek. Die beplanning is om die keurdersvergadering en die voorafgaande raadsvergadering in Februariemaand steeds in die die kantoorkompleks te hou, met vrymoedigheid aangebied deur Piet Uys.

FINANSIES

Die voorafgaande finansiële jaar het uitdagings opgelewer wat korrek hanteer is en die balansstaat is gesond. My opregte dank aan elke Raadslid se insette in die neem van die finansiële besluite. Die finansiële bewakers is Rodney Neuman, wat daagliks ingelig en gekonsulteer word in sakeversoeke tot en toestemming vir betalings, Willie Landman met die oorkoepelende begrotingsbeperkings altyd in gedagte en Magiel Blom, wat deurgaans betrek word en adviseer in sake finansiële kwessies. Aan julle drie Raadslede, wat die lede se finansiële bydraes jaloers administreer, opregte dank.

Die Sekrerariaat het twee dames wat die finansies hanteer. Chantelle Milligan is die debiteure klerk en Yvonne Binding die rekenmeester. Ons sien uit daarna om saam met hulle te werk en die Raad sal steeds waak oor ons eie finansies.

DAGBESTUUR

Die bogenoemde drie lede, Magiel Blom, Willie Landman en Rodney Neuman is die lede van die Dagbestuur wat ook die Dagbestuursvergaderings behartig. Hierdie vergaderings word telefonies gedoen met die groot motivering koste besparing. Vier Dagbestuurvergaderings word deur die jaar gehou en tans skakel die sekretaresse, Lizanne Vermeulen, Yvonne Binding (finansiële portefeulje) en Chris Els (bestuurder van Stemma Animalia) ook telefonies in vir die vergaderings. Baie tyd en koste word sodanig bespaar.

RAADSLEDE

Die Raadslede wat hierdie jaar diens gedoen het se portefeuljes was as volg:

Johann Fourie - President

Magiel Blom - Visie President

Rodney Neuman- Finansies en borge

Willie Landman- Begroting en bemarking

Carel Nel- Beoordeling en keuring

Fanie van Dyk- Nampo en skakeling met nuwe lede en skakeling met die Karoo-lede, waar Johannes Retief die skakelpersoon is.

Gawie Roux- Tegniese aspekte

Henk Delport-Skakeling met instansies op korporatiewe vlak

Pikkie Uys-Keuringkursus en beoordelaarskursus

Dr Hannes Dreyer-koöpteerde lid

Gert Du Preex- koöpteerde lid

John Roos is ons enigste Ere-President en vaderfiguur vir baie van ons.

Vyf raadsvergaderings word deur die jaar gehou en dit is met uitsondering dat daar verskoning gemaak word vir ’n vergadering.

Dit is my mening dat die gebruik van elektroniese media vergaderingskostes drasties verminder en steeds effektief is, daarom die voorstel dat daar fasiliteite beskikbaar moet wees om visueel in kontak met Raadslede te wees op afgeleë plekke.

Weereens my dank en waardering aan die raadslede wat vergaderings getrou bygewoon het en met groot ywer vir u saak gewerk het. Baie sake is telefonies en per e-pos hanteer vir vinnige afhandeling. Sake wat deur die jaar aandag geverg het was: reklame, keurings, beskermhere, finansies, voerkraal- , Stamboek en data- en administratiewe aangeleenthede, korrespondensie, ledebelange, nasionale veiling, nuusbriewe, navorsing, uitstallings en tegniese sake. Dr Hannes Dryer is as veekundige op die Raadge ko-opteer en het alreeds ’n reuse bydrae gelewer tot die verbetering van die Drakensberger ras. Hannes was ook die

organiseerder van die Veekundige beraad en was die skakelpersoon tussen die raad en die genooide kundiges. Dankie daarvoor. Gert du Preez is ook gekoöpteer as Raadslid gemoeid met en as skakel tussen die kommersiële telers en die stoettelers en daar is groot optimisme vir 'n sterk gesamentlike samewerkingsverhouding tot voordeel van die Ras.

Die Veekundige Beraad het plaasgevind op die 17 de Julie 2014 te Vrede waarby uitmuntende spesialiste op hulle gebied, veeartse, veekundiges en raadslede betrokke was. Duidelike gevoelens en tendense is geïdentifiseer. Die samevatting van die Veekundige Beraad sal in die volgende nuusbrief verskyn en bied interessante leesstof. Dit is altyd nodig om die grense te toets, indien dit voordeel bied, implementeer veranderinge.

Voortspruitend uit die Veekundige beraad is daar samesprekings gehou op 5 September 2014 met professor Michiel Scholtz, professor Frikkie Neser en navorsers Frans Joubert en dr Lynette Pienaar van die LNR. Huidige navorsing wat betrekking het op die Drakensbergerras is bespreek. Daar is twee studies reeds voltooi en die derde studie, wat handel oor 'n kruisteelprogram bestaande uit oorwegend inheemse rasse vir die Noord Kaap, is tans in die finale beplanningsfase en daar sal binnekort aansoek gedoen vir befondsing vanaf die Departement van Landbou. Die Drakensberger sal, as inheemse ras, by hierdie studie betrek word.

LEDE

Baie welkom aan die nuwe toetreders in die Drakensberger familie. Neem gerus deel aan ons aktiwiteite. Van julle is alreeds bekende gesigte.

Stoet:

- Blackstone Properties (Brad en Melissa Lee) stoetnaam Henderson Valley,
- Me. Monja Esterhuysen stoetnaam Mobaza,
- LJ & WJ Krynauw (Werner) stoetnaam Krynauw ,
- C J van der Merwe (Corné) stoetnaam Swart Genade,
- Brain Viljoen neem die Marico Vallei stoet oor.
- Werner Vermeulen, Deben, stoetnaam Kameeldoring.

Spesiale lid aangesluit:

- Frik Roux

Bedankings:

Stoet: Gert du Preez, Gerrie Davel, Louis Terblanche, Fanus Coetzee en Bertus Wessels

Dit is met leedwese dat ek meld dat twee van ons lede oorlede is die afgelope jaar. Aan hulle familie ons opregte medelye.

Valentine Bohmer

Tobie Niemand

Getal lede vergelykende syfers t.o.v. ledetal

	2012	2013	2014	Toename/Afname
Stoetlede	77	78	77	-1
Spesiale lede	6	7	7	
Ere lede	6	6	6	
Kommersiële lede	25	28	16	-12

PRESTASIES VAN LEDE

Hierdie is die geleentheid om die absolute toewyding van lede te erken, om bekend te maak wat teeldoelwitte bewerkstellig het, om toegewyde teling se eindresultaat in aksie te sien. Wat 'n voorreg om aan sulke individue erkenning te gee vir die prestasies wat deur hulle diere behaal is deur die jaar 2013/2014. Hierdie is lede wat ekstra moeite doen, wat tyd opoffer, vir hulleself maar tog ook vir die ras.

Bloemfontein skou 2014:

- Carel Nel - Verteenwoordig die Groeitoets klas met sy bul CL110063
- Edmund Schroeder - Elité Platinum koei HN970031
- Gawie Goux - Platinum bul GR 110265

Lente skou te Pretoria 2013:

- Edmund Schroeder - Farmers Weekly koei SS030032
- Gawie Goux - GMP Basic Platinum bul GR 120018
- Jan & Elna Dhooge - Wenner van die LNR-kudde van die Jaar vir Gauteng
- Black Hills Drakensbergers - Finalis kudde van die jaar Noord-Wes streek

Twee opkomende boere met Drakensbergerkoeie word aangewys as wenners vir KwaZulu Natal :

- Alson Shabangu by Vryheid met 203 koeie
- David Nxumalo naby Volksrust met 88 Koeie.

Nasionale jeugskou:

- Johan van Staden- Wenners in Kroonstad

-Tweede in die groepsklasse- Jakaranda Lenteskou

Logix Vleisbees Forum:

- Gawie Roux - Vrystaat Voorsitter en Nasionale Onder-voorsitter
- Magiel Blom - Noord-streek Voorsitter

Betrokkenheid in die bedryf:

- Gawie Roux - RPO in die Vrystaat
- S P Fourie - Lid van die RPO in Noordwes
- Carel Nel - SA Stamboek
- Freddie Wasserfall - SA Stamboek

Rekord pryse behaal die jaar:

- Johan en Pikkie Uys se dragtige vers PU110219 vir R35 000.00
- Eli en Shirly van der Merwe oorskry ook die vorige rekord prys met hul vers DBB110005 vir R26 000.00

VEEGETALLE soos op 1 Julie 2014:

	2012	2013	2014	Toe-/Afname
MANLIK	3 812	3 592	4 070	+478
VROULIK	10 302	10 031	10 563	+352
GEBOORTES	3 498	3 158	3 460	+302
LAAT GEBOORTES	450	800	670	-130

VERSPREIDING VAN VEEGETALLE

STREEK	2012	%	2013	%	2014	%
VRYSTAAT	4 644	32.9	4 634	34	4 931	33.7
MPUMALANGA	4 098	29	4 108	30	4 109	28.1
KWAZULU-NATAL	1 670	11.8	1 230	9	1 425	9.7
NOORD-WES	1 326	9.4	1 053	7.7	1 269	8.7
NOORD-KAAP	1 070	7.6	1 017	7.5	1 013	6.9
GAUTENG	935	6.6	742	5.6	932	6.4
OOS-KAAP	102	.7	480	3.6	573	3.9
NAMIBIA	165	1.2	218	1.6	276	1.9
MOSAMBIEK	51	.4	70	.5	70	.5
AUSTRALIË	55	.4	68	.5	35	.25
TOTAAL	**14 116**	**100**	**13620**	**100**	**14 633**	**100**

Uit bogenoemde syfers blyk dit dat daar ’n algemene groei van 1 013 diere is teenoor 2013. Die laat geboortes van 200 diere is nie in berekening gebring by bogenoemde getalle nie.

Klubs

Die geografiese verspreiding van die stoet Drakensberger kuddes het die afgelope dekade heelwat verander. Dit lei noodgedwonge tot getalle verskuiwing in sekere gebiede, wat bestaande veilings onder die soeklig plaas. Betrokkenheid by klubs het ook afgeneem met die gevolg dat inskrywings van diere vir klubveilings ook drasties verminder het. Dit is grootliks te wyte aan die produksieveilings van individuele lede wat voorheen aan klubveilings deelgeneem het.

Al die klubs het vanjaar veilings gehou en die ondersteuning was goed. Gemeet aan die baie moeilike ekonomiese en boerdery omstandighede is dit uiters verblydend en

met groot trots dat ons die veilingsjaar as suksesvol kan beskryf. Dit is egter duidelik dat sommige veilings, veral tydens Augustus en Septembermaand, baie kort opmekaar volg en dus tot gevolg het dat daar nie genoeg 'spasie' is tussen onderskeie veilings nie. Dit is essensieël dat lede sal kyk na die datums vir veilings vir 2015 en betyds die versoeke tot die datums sal indien. Indien 'n alternatiewe datum verskaf kan word sal dit beplanning grootliks vergemaklik.

Die doel van klubs is om 'n sterker korps te vorm wat gemeenskaplike belange het. Dit is slegs funksioneel en effektief indien die span saamspeel. Die uitstekende voorbeeld tans in Drakensberger geledere is die 6+ telersgroep, wat mekaar as vriende ondersteun en as telers promoveer.

Keurders en keurings

'n Groot verantwoordelikheid rus op die skouers van die keurders in die genootskap en daar word erns gemaak met die instandhouding van keuringstandaarde. Carel Nel is verantwoordelik vir hierdie aspek en was ook saam met Fanie van Dyk en Pikkie Uys die beskermhere tydens die Nasionale veiling 2014. Baie dankie vir julle onbaatsugtige diens. Die volgende leerders word bevorder tot junior keurders: Udo Beneke, Jan Crous en Jean van der Merwe.

<u>Beoordeelaarskursus:</u>

Piet de Villiers, Grant Naude en Johannes Retief was betrokke by die opleiding van studente te Grootfontein Landbou Kollege. Ses van die studente (vir die eerste keer 'n dame van kleur) en twee volwassenes het dan ook die minimum slaagvereiste van 80 % behaal, wat aan hulle die geleentheid bied om te begin deelneem aan keuringstoere onder leiding van 'n senior keurder en sy adjudant. Baie dankie aan die lede van die genootskap Piet, Johannes en Grant, vir die tyd spandeer en moeite opgeoffer vir hierdie uiters belangrike ras-bekendstelling in die Karoo.

Piet de Villiers is deur die raad versoek om ’n beoordelaarskursus in Mpumalanga te organiseer en aan te bied. Tans is daar 24 name op die kandidatelys en sien die raad uit na die aanbieding van hierdie kursus.

Die kursusmateriaal vir die beoordelaarskursus het opknapping nodig en daar moet daadwerklike aksie wees om dit te implementeer.

KEURDERS OPLEIDING EN EVALUASIE

Die keurders vergadering is gehou in die Genootskapskantoor op Volksrust op 12 Februarie. Die aand is daar gesellig verkeer deur die keurderspaneel, senior, junior en belangstellende raadslede. Die praktiese deel van die kursus, behartig deur Carel Nel, Fanie van Dyk en Pikkie Uys is die volgende dag aangebied op Gryshoek. Dankie aan Liana en Hermien vir julle bereidwilligheid om die heerlike eetgoed vir die dag voor te berei en te bedien.

Die keurders het in hul groepe, soos hul gaan keur, verdeel en reeds so die geleentheid gekry om, as groep, diere te bespreek.

Die keuringstoere het grootliks sonder insident verloop en dit is met groot waardering dat ek my dank betuig aan die onbaatsugtigheid van elke individu wat ’n keuringstoer meegemaak het. Wat ’n aangename ondervinding. Magiel Blom moet spesifiek bedank word vir sy indeling van die toere, die samestelling van keurdersgroepe en koördinasie van gebeure.

OPSOMMING VAN DIE KEURINGSTOERE.

DIERE		2012			2013			2014	
	SIEN	KEUR	%	SIEN	KEUR	%	SIEN	KEUR	%
Bulle	440	301	68.4	653	419	64.2	524	382	72.9
Verse	1 094	877	80.2	1 275	1 092	85.6	1211	1058	88.2
Hulp A	455	336	73.9	473	375	79.3	475	293	61.7

Totale kilometer gereis vir die keuringstoere: 14 500 km.

Spesiale keurings word op versoek van lede gedoen hoofsaaklik na afsluiting van groeitoetse. My mening is dat hierdie praktyk deur sommige lede misbruik word. Werklike syfers word nie aan die kantoor voorsien nie en is dit onmoontlik om ’n opsomming van spesiale keurings te maak.

Baie dankie aan keurders wat bereid is om op baie kort kennisgewing aan die versoek te voldoen en weereens aan Magiel Blom, vir sy behartiging van die aanwys van die mees geskikte kandidate vir die keuringsgeleentheid.

Reklame komitee

Hierdie is ’n enorme taak en dit is met groot waardering wat ek Willie Landman bedank vir sy toewyding en leiding regdeur die jaar. Die behoefte om kundigheid te werf ten einde die doelwit te bereik van beste rasreklame met die fondse beskikbaar, het gelei tot die betrokkenheid van me Alda Fourie van Xcellenté Business Solutions. Sy sal op konsultantbasis betrokke wees by die bemarking van die ras.

- Webtuiste - Jean van der Merwe en S A Stamboek personeel.
- Biljette - Johann Fourie
- Advertensies:
  Willie Landman se naam moet hier genoem word vir die uitleg van advertensies in Veeplaas, Stock Owner, Stud Breeder, Farmers Weekly en Landbouweekblad.
- Reklame borde:
  Daar het nuwe borde verskyn en sommige is in die pyplyn.
- Naamborde:
  Reflekterende borde is beskikbaar by die kantoor .
- Reklame artikels:
  Nuut op die rak is sleutelkouers, bierbekers, penstelle,koelhouers en geskenksak vir wyn met die logo op.Ook beskikbaar by die kantoor.
- Artikels:
  Stud Breeder, Landbouweekblad, Farmers Weekly en Veeplaas en ook op die voorblad van Veeplaas.

- Nuusbriewe:
  Twee uitstekende Nuusbriewe verskyn onder die redaksie van Magiel Blom. Die hele taak rus op sy skouers, skitterend!
- Nampo:
  Fanie van Dyk, Piet de Villiers en Noord-Wes Klub. Liesel Bruné en Henk Delport se hulp lei tot 'n pragtige Drakensberger stalletjie, die beste ooit! Baie dankie Henk en Liesel vir julle inisiatief.
- Uitstallings:

Val boere dag – Piet de Villiers en Rodney Neuman

Laeveld Landbou skou – Nelspruit - John Joubert Potchefstroom Skou - Willie Landman en Jean van der Merwe waar Black Hills die Reserwe Groot Kampioen Bul toekenning verower.

Chrissiesmeer Boeredag - Petrus Taljaard

Volksrust Skou- Johan Uys

Ermelo Skou – Petrus Taljaard

- Inligtingsdae:

Hoëveld Studie Groep by Jonkersdam Standerton - Piet de Villiers

Noord- Oos Vrystaat Studiegroep (2)-Piet de Villiers

OTDK by Buffalo Valley in samewerking met SA Stamboek

Noord-Wes Klub deur Willie Landman (Fox in the Hills)

Neuman Broers

Gawie Roux

6+ Telers by Carel Nel

Niekerkshoop Boerevereniging besoek Frannie du Toit tydens Inligtingsdag

SHDK - Tukkies se finale jaar veekunde studente by Louis Botha,Vrede

Opleidings dae - Grootfontein Landbou Kollege- Piet de Villiers , Grant Naude en Johannes Retief.

Morgenzon Landbou Akademie - Piet de Villiers

Tegniese komitee

Daar word tans ’n analise gedoen van speengewigte en ’n streeksindeling word voorsien, om die gewigte in onderskeie streke duidelik uiteen te sit. Die geografiese verspreiding van die nasionale Drakensberger kudde leen hom tot sodanige evaluasie.

Dankie aan die personeel van SA Stamboek vir hulle betrokkenheid by hierdie versoeke.

Voerkraalproef met speenkalwers van Neuman Broers

As ’n voortsetting van die voerkraalstudie wat voltooi is, is ’n groep van 916 kalwers geïmmuniseer met Respiravax en aan ’n voerkraal voorsien. Die groei is bo gemiddeld en die mortaliteit 0,6%. -Uitstekende resultate en die moeite werd om te memoriseer.

Die DBTG wil graag MSD(Respiravax) en Zoetis(Bovi Shield) in besonder bedank vir hulle bydraes in hierdie studie. Hierdie twee firmas het entstof geskenk vir immunisasie van kalwers wat in twee verskillende voerkrale geëvalueer is in verskillende dele van die land. Hierdie resultate is uiters positief en verblydend en ek sal alle lede aanbeveel om hierdie firmas te ondersteun.

VEILINGS:

NASIONALE VEILING 2013

	AANBOD	VERKOOP	%	GEMIDDELD	HOOGSTE PRYS
BULLE	22	16	72.7	39 219	R100 000
KOEIE					
VERSE	18	15	83.3	19 100	R35 000

Baie dankie aan elke teler wat betrokke was by die nasionale veiling 2014. Die diere wat aangebied was was van hoogstaande gehalte en die vertroue word uitgespreek

dat daar in 2015 voortgegaan kan word met hierdie besondere geleentheid, die vertoonvenster van vordering in die ras, die geleentheid om standaarde te vergelyk en om introspeksie te doen van eie telingstandaarde. Weereens 'n ope uitnodiging om aktief deel te neem aan die veiling waarby elke lid van die genootskap 'n aandeel behoort te hê. Aktiewe deelname skep 'n "esprit de core", 'n gevoel van samehorigheid. Die inisiatief geneem deur Pikkie Uys om die vroulike aanbieding van top gehalte te verseker, was uitmuntend. Die belangstelling in die aanbod van vroulike diere was baie lewendig en rekordpryse het die belangstelling beaam. Baie dankie Pikkie.

VEILINGS RESULTATE VIR 2014.

	2011	**2012**	**2013**	**2014**	**HOOGSTE PRYS**
BULLE	R25 615 440/473 93%	R30 248 318/406 78.3%	R30 830 300/379 79.2%	R30 762 271/390 70%	R100 000
KOEIE	R10 0628 94/95 95%	R101 886 104/115 90.4%	R10 506 77/108 71.3%	R10 013 38/68 55%	R17 000
VERSE	R11 120 27/27 100%	R11 636 33/34 97.1%	R8 905 37/50 74%	R10 226 51/54 94%	R35 000

Beskermhere wat in 2014 opgetree het

VEILING	DATUM	BESKERMHERE		
NASIONAAL	25/04/2014	CAREL NEL	FANIE VAN DYK	PIKKIE UYS
BUFFALO VALLEY	21/05/2014	JAN DHOOGE	PETRUS TALJAARD	
NOORD-NATAL	02/07/2014	WILLIE WATERMEYER	UDO BENEKE	
ROUVUS	22/07/2014	JAN DHOOGE	JEAN VAN DER MERWE	

VEILING	DATUM	BESKERMHERE		
OTV ALLE RAS	20/07/2014	PIET DE VILLIERS		
KURUMAN	01/08/2014	JOHANN FOURIE		
NEUMAN BROERS	07/08/2014	JOHAN UYS	KAREL WATERMEYER	
KAROO	06/08/2014	CAREL NEL	JOHANNES RETIEF	
CALELA	09/08/2014	PIKKIE UYS	UDO BENEKE	
DAVEL/BRACHER	12/08/2014	PIET DE VILLIERS	PETRUS TALJAARD	
VDK	13/08/2014	FANIE VAN DYK	KAREL WATERMEYER	
OTDK	03/09/2014	REINIER VAN RENSBURG	JAN CROUS	
ROUXVILLE	09/09/2014	JOHANNES RETIEF		
6+ TELERS	11/09/2014	PIET DE VILLIERS	JEAN VAN DER MERWE	
VRYBURG	11/09/2014	JOHANN FOURIE		
VDK	18/09/2014	WILLIE WATERMEYER	JOHANN FOURIE	
NWDK	09/10/2014	PIET DE VILLIERS	KOBUS DAVEL	
VRYBURG	20/11/2014	JOHANN FOURIE		

Dankie aan elke individu wat as keurder en beskermheer betrokke was by veilings soos dit deur die jaar gehou is. Die rol van die beskermheer is aangepas in die sin dat die diere voor ’n veiling nie weer aan keuring onderwerp moet word nie. Die diere het reeds keuring geslaag en die beskermhere moet die funksionele doeltreffendheid van die diere beoordeel. Dit blyk baie suksesvol te wees en die toepassing sal deur die volgende jaar nog meer gestalte kry. Dit bly egter ’n ondankbare werk en besondere dank aan hulle wat op kort kennis instaan vir iemand anders. Daar is altyd iets anders om te doen deur sommige keurders, ons het julle ondervinding en teenwoordigheid nodig en versoek julle om meer beskikbaar te wees. Daardeur toon julle ook belangstelling in die diere geteel deur ander telers en word jou perspektief verbreed. Dit lei noodgedwonge tot bewuswording van standaarde vir die ras op enige gegewe moment.

Opsommende Reproduksie Statistiek soos op 1 Julie 2014.

Kuddes met TKP van minder as 400 dae

Teler	Meer as 100 koeie	TKP	Toekenning
J A Rautenbach	107	379	Embee Wissel Trofee
Neuman Broers	170	390	
	25 tot 99 koeie		
E M Schroeder	49	371	AS van Niekerk Skild
Black Hills Drakensbergers	42	374	
J G Ehlers	25	380	
J I Van Zyl Naude	37	384	
M C Blom	37	387	
F Van Dyk	80	390	
L A Foster	56	390	
Neusberg Drakensbergers	97	391	
Morgenzon Landbou	69	392	
Otjiwa Boerdery	49	395	
Cumin Drakensbergers	46	397	
Ntique Drakensbergers	38	398	

Kuddes onder 25 koeie

Kudde	Koeie	TKP	
Dr F Barnard	21	383	
Meulstroom	15	385	
A J van der Walt	2	385	

Koeigetalle binne die Ras

Getal koeie	2012 Aantal	2012 %	2013 Aantal	2013 %	2014 Aantal	2014 %
100+koeie	18	23.4	18	24	17	23.9
50-99koeie	23	29.8	21	28	21	31.8
10-49 koeie	24	31.2	26	34.6	23	32.4
1-9 koeie	6	7.8	5	6.7	5	7
0 koeie	6	7.8	5	6.7	5	7

Die kuddes (6) met geen koeie het 4 wel verse van 24 maande en ouer wat vanjaar sal kalf.

Uit die 66 kuddes is die gemiddelde kudde grootte 74.6 koei met die maksimum 306 koeie en die minimum 2 koeie

TKP van kuddes met meer as 25 koeie *(statisties maak dit nie sin om met kuddes met minder as 25 koeie te werk nie*)

TKP	2012 Aantal	2012 %	2013 Aantal	2013 %	2014 Aantal	2014 %
Onder 400 dae	17	26	11	21.2	19	28.8
401-450 dae	26	40	33	63.5	33	45.5
451-500 dae	11	16.9	5	9.6	10	15.1
501-599 dae	3	4.6	3	5.7	7	10.6
Bo 600 dae	-	-	-	-	-	-

15 kuddes het minder as 20 koeie of net verse en ons sien daarna uit om hulle aanstaande jaar deel van ons statistieke te maak.

Ras gemiddelde TKP.

Jaar	2010	2011	2012	2013	2014
Dae	432	432	430	428	427

Die rasgemiddeld het afgeneem met 1 dag, met reuse ruimte vir verbetering. Dit is nietemin ’n teleurstellende TKP en daadwerklike stappe sal geneem moet word om hierdie swak syfer te verbeter. 37 kuddes se TKP is onder die Ras gemiddeld. Dit is vir my ’n groot kwelling dat daar 10, verlede jaar 5, kuddes is met ’n TKP van tussen 451 en 500 dae. Verder is daar 7, verlede jaar 3, kuddes met ‘n TKP van bo 500 dae. Kuddes wat bo die 450 dae syfer val, sal deur die raad geëvalueer word en kundige advies sal aangebied word met ’n daadwerklike plan van aksie. Indien daar nie aan sodanige aksieplan voldoen word nie, sal die raad definitiewe stappe moet neem om hierdie situasie te verbeter. Dit sal in 2015 implementeer word, ongeag die individu of teler.

SA Stamboek statistieke soos op 31 Desember 2013

RAS	Kuddes	Kuddes	Manlik	Manlik	Vroulik	Vroulik	Totaal	Totaal
Jaar	**2012**	**2013**	**2012**	**2013**	**2012**	**1013**	**2012**	**2013**
Drakensberger	79	81	5 178	5 325	12 754	12 757	17 932	18 082
Alle Rasse by Stamboek	2 298	2 298	126 920	130 404	259 668	356 978	474 112	487 382

PRESTASIE GEMIDDELDE

Manlik

	DRB	DRB	DRB	DRB	**Stamboek rasse**	**Stamboek rasse**
Jaar	**2012**	**2013**	**2012**	**2013**	**2012**	**2013**
Geboorte	1 493 diere	1 628 diere	35.5kg	35.6 kg	35.4 kg	35.1 kg

	DRB	DRB	DRB	DRB	Stamboek rasse	Stamboek rasse
Speen	1 203 diere	1 338 diere	228kg	232 kg	225 kg	232 kg
12 maande	608 diere	763 diere	264 kg	261 kg	319 kg	301 kg
18 maande	402 diere	419 diere	368kg	362 kg	426 kg	421 kg

Vroulik

	DRB	DRB	DRB	DRB	Stamboek rasse	Stamboek rasse
Jaar	**2012**	**2013**	**2012**	**2013**	**2012**	**2013**
Geboorte	1 494 diere	1 691 diere	33.5kg	33.5 kg	33.6kg	33 kg
Speen	1 176 diere	1 362 diere	213kg	214 kg	212 kg	217 kg
12 maande	983 diere	1 144 diere	238 kg	228 kg	259 kg	258 kg
18 maande	817 diere	768 diere	316kg	313 kg	338 kg	334 kg

GROEI TOETSE

	Sentrale toetse DRB	Sentrale toetse DRB	Alle Stamboek rasse	Alle Stamboek rasse	Op die plaas toetse DRB	Op die plaas toetse DRB	Alle Stamboek rasse	Alle Stamboek rasse
Jaar	**2012**	2013	**2012**	2013	**2012**	2013	**2012**	2013
Aantal	57	63	795	860	347	208	1074	10157
Finale gewig kg	370	375	410	410	398	407	403	409
GDT gram	1761	1526	1669	1659	1185	1200	1176	1130
VOV	5.5	5.95	6.25	5.83				
Skrotum mm	337	320	334	328	330	332	329	327
RTU	50 diere	61	420 diere	585 diere				

	Drakensberger	Drakensberger	Alle Stamboek rasse	Alle Stamboek rasse
Jaar	**2012**	2013	**2012**	2013
OEK	33.4 maande	32.8 maande	31 maande	30 maande
TKP	430 dae	419 dae	449 dae	409 dae
Koei/kalf geboorte	7.57 %	7.19% (466kg)	7.25 %	6.72% (491kg)
Koei/kalf speen	44.7 %	43.06% (497kg)	45.5 %	43.75% (496kg)

Indien na hierdie syfers gekyk word, is dit baie duidelik dat die Drakensberger telers inderdaad baie het om op trots te wees. Die memorisering van sommige van hierdie syfers sal die kompeterende wêreld waarin ons ons bevind, makliker maak. Is dit nie so dat ’n ander persoon, met ’n enkele stelling ’n groot hoeveelheid twyfel kan saai deur ’n goed gemikte opmerking op die regte tyd nie? Hierdie syfers vertel die ware storie, gebruik dit tot almal se voordeel. **Die Drakensberger koei se gewig neem met 31 kg toe terwyl sy haar kalf soog teenoor al die rasse se gemiddelde toename van 5 kg**.

Toekennings vir 2013

1. A S van Niekerk trofee vir beste TKP vir kuddes met 35 tot 99 koeie.

E Schroeder - 371 dae oor 49 koeie

2. EMBEE Trofee vir beste TKP vir kuddes met meer as 100 koeie

Johan Rautenbach - 379 dae oor 107 koeie

3. AECI Trofee vir die kudde wat die beste vordering getoon het die afgelope jaar.

Genomineerdes: Johan en Pikkie Uys

L A Neuman

Otjiwa Boerdery

4. Eppie Nel Trofee vir die persoon wat die meeste gedoen het vir rasbevordering 2014

Genomineerdes: * Johannes Retief

5. Pfizer Trofee vir die bul met die beste VOV

Gawie en Frik Roux GR110260 met VOV van 4.3

6. VBRSA se trofee vir die veld getoetste bul wat die hoogste prys behaal

Neuman Broers HN100203 vir R80 000.00

7. Genootskaps trofee vir 'n kudde jonger as 5 jaar met die beste vordering.

Black Hills Drakensbergers

Magiel Blom

Die gedagte is telkens in die verlede geopper dat daar 'n persoon in die kantoor moet wees wat meer betrokke is met die direkte skakeling met SA Stamboek. Die Raad het dit goed gedink om vir Mnr Blom hieroor te nader en te versoek om hierdie rol te vervul. Die versoek is deur hom aanvaar en tans is daar uiters goeie kontrole oor die administratiewe sake wat betref aanwys van keurders vir spesiale keurings, beskermhere vir veilings, nagaan van katalogusse en opvolg van probleemgevalle, geboortekennisgewings, prestasiedata , herinstellings, korreksie van foute, laat geboortes, evaluasie van kuddes en opvolg met lede, skakeling met individuele lede en hantering van navrae van lede. Ons is tans besig met die opstel van 'n verwysingsraamwerk vir die Drakensberger ras deur die identifisering van diere en die versameling van biologiese monsters vir 'n toekomstige genomiese databasis.

BEDANKINGS

Ek waardeer elke raadslid wat deur die afgelope jaar met inisiatief en ywer betrokke was by die voortgesette uitbreiding van die ras. Die onvermydelike skuif van die kantoor se administratiewe deel het groot verantwoordelikheid geverg en die raadslid wat hiermee as uiters belangrike skakel gedien het en die taak by uitnemendheid verrig het, is Magiel Blom.

My opregte dank vir jou toewyding en nougesette opvolg van aksies, jy is onontbeerlik vir die Genootskap.Ook opregte dank vir die betrokkenheid in die versamel van data vir die opstel van hierdie jaarverslag. 'n Mens kan altyd reken op jou lojaliteit en ondersteuning. Magiel, jy is 'n steunpilaar. Baie dankie daarvoor.

Willie Landman se rol in die oorwoë aksieplan en uitvoering daarvan, is krities belangrik en stimulerend.Die positiwiteit waarmee jy deelneem en leiding neem in toepaslike beplanning en in die uitvoer daarvan, is aansteeklik. Sterkte met jou verantwoordelikheid as hoof uitvoerende beampte by M Tech en ek glo en vertrou dat jy jou teeldoelwitte sal verwesenlik, vir jou kudde natuurlik.

Rodney Neuman, jou eerlikheid en betroubaarheid skep vertroue en die genootskap se finansies is in goeie hande. Geluk met n suksesvolle veiling, wees verseker dat baie individue dophou en oplet hoe jy die sukses verseker van jou boerdery. Jy is telkens soekend na die beter oplossing, na die voordeel wat die Drakensberger bied, nie net vir jou nie, maar vir ons almal.Ons respekteer dit.

Fanie van Dyk, jou betrokkenheid oorskrei die grense van normaliteit. Nampo is jou verantwoordelikheid en hierdie jaar was 'n absolute hoogtepunt. Die afwesigheid vanaf die boerdery is 'n beperkende faktor. Jy het dit nietemin gedoen en die raad en die ras verteenwoordig vir die hele duur van Nampo. Jy is ook die raadslid verantwoordelik vir die Karoolede se belange, 'n taak wat jy met groot toewyding uitvoer.

Carel Nel, dankie vir jou verantwoordelike taak om die riglyne te evalueer en te rig soos wat nodig is wat betref die beoordeling en keuring van Drakensbergers. Jou beoordelingstegniek is sistematies en deeglik, jou beskrywings akkuraat en beskrywend.Dankie daarvoor en wees asseblief betrokke by die opleiding van potensiële keurders. Vir jou, as persoonlike mentor en vriend, het ek die hoogste respek. Dankie Prof.

Henk Delport, as nuut verkose lid het jy reeds jou impak gemaak en sien almal uit na jou betrokkenheid by Drakensberger-sake in die toekoms. Jy is alreeds besig met gesprekvoering met GWK en almal is angstig om in die praktiese uitvoering daarvan betrokke te raak. Jou rol sal eskaleer in die volgende twee jaar, sterkte daarmee. Opregte dank vir jou en Liesel se inisiatief en tot uitvoer bring van die opkikkering van die Drakensberger stalletjie by Nampo. Daar is altyd kostes verbonde aan sodanige

individuele aksies, wees verseker dat dit raakgesien en erken word en dat daar opregte waardering is vir julle 'ekstra myl'.

Gawie Roux, dit is vir my 'n voorreg om saam met u op die raad te dien. U het 'n enorme kennis van en ondervinding met beesboerdery. Tegniese sake en syfersake is belangrik en u het 'n reuse verantwoordelikheid as raadslid vir tegniese aspekte. Die veranderinge tans aan die gebeur in stoetteling is vinnig opmekaar en tegnies, u moet die kaf van die koring skei om die mees gepaste aanbevelings te maak. U rol is onontbeerlik, doen so voort.

Pikkie Uys, jou eerste jaar as raadslid was 'n reuse sukses. Die groot taak wat aan jou opgedra was, was die bewerkstelliging van 'n oplewing in Mpumalanga. Deur jou direkte kontak met lede, jou voorstelle en positiewe gesindheid, het jy baie vermag. Dankie ook vir jou en Johan se hulp en beywering van 'n goeie keuringsopleiding op Gryshoek, die plek met soveel Drakensberger tradisie. Daar word nuuskierig uitgesien na jou volgende idees vir die nasionale veiling en ook die 'renaissance' in die hoëveld.

Dr Hannes Dreyer, u betrokkenheid by Drakensberger sake is van baie hoë waarde. U is bewus van veranderinge in die praktyk, u deel die waarnemings en ons vind u onontbeerlik in die oorkoepelende visie wat nodig is om 'n ras te bevorder. As sameroeper van die veekundige beraad het u uself uitstekend van u taak gekwyt. Sterkte met die gesondheid, van u en u gesin.

Gert Du Preez, baie dankie vir jou bydrae in die afgelope jaar. As voorsitter van die Hoëveld studie groep het u inderdaad 'n baie belangrike rol te speel in 'n tradisioneel gevestigde Drakensbergerstreek. Jou sukses met jou boerdery is welbekend en die fantastiese data wat uit jou voerkraal genereer word, is 'n moet vir almal om te sien. Doen so voort en dankie.

Piet de Villiers, jou bydraes gaan nie ongesiens verby nie. Dankie vir die hantering van die Grootfontein beoordelaarskursus, vir jou lojale en optimistiese bemanning van die Nampo aksie, vir die Val boeredag betrokkenheid, die Standerton fees se tentoonstelling, die beoordelaarskursus wat in Mpumalanga aangebied gaan word. Piet het ook 'n groot ideaal verwesenlik met die stigting van die Oos Vrystaat Drakensberger studiegroep, 'n mylpaal en 'n prestasie by uitnemendheid.Geskiedenis in wording, meneer de Villiers.

Aan die lede, wat die spilpunt is waarom die ras draai, wat die basis vorm van die ras per se, julle toewyding en optimisme jeens die ras en medetelers is prysenswaardig. Die Drakensberger handhaaf homself in 'n uiters kompeterende bees omgewing, dit wil gedoen wees. Julle doen dit.

My apologie aan die lede vir my afwesigheid by vele Genootskapsaksies. Tyd is die vyand en beroepsverpligtinge die eerste prioriteit, met tyd sal die balans verbeter en sal die pendulum ophou rondswaai. Daar is altyd die goue balans, vir almal.

Marianne, Ruan, Armandt, Johann, Kiewiet, Doughnut en Coco, my afwesigheid vanaf die huis is self gekose, maar nie altyd verkose nie. Dankie vir julle geduld en verstaan as ek dit weer maak tot by die huis, soms aan die wonder oor die raadsaamheid al dan nie.

Aan die Skepper van alle dinge, wat altyd in beheer is, al my lof en eer. Mag dit so wees dat ek nooit perspektief sal verloor nie en dat ek sal voortgaan om God te ken in alle sake.

Ek groet julle.

Johann Fourie